vir meer nuus oor musiek en flieks gaan na >>> www.jip.co.za

Groep sien uit na fees

Die Johannesburgse *rockers* We Shall Embrace tree binnekort op die Fracture Fest in Bloem op – en hulle is beslis 'n Suid-Afrikaanse groep om van kennis te neem. As jy op hul Facebook-blad na van hul snitte luister sal jy verstaan hoekom dié groep, wat 'n nuwe album op die horison het, ons aandag 100% het. Kelly, die sanger, het CLARISSA GROBLER per e-pos meer vertel.

We Shall Embrace

F

Julle musiek op Facebook rock! Hoe lank maak julle al saam musiek?

We Shall Embrace is al so drie jaar saam. Ons het ontmoet by die Campus of Performing Arts ('n voltydse musiekkollege) en het sedertien 'n paar veranderinge ondergaan.

Ons nuutste lid is Liam O'Brien op kitaar, wat ook vir die ongelooflike Kill The Messenger speel.

Julle musiek is 'n indrukwekkende mengsel van goeie kitare, *screamo* en *vocals*. Wie is julle invloede?

Ek dink een van ons grootste invloede is UnderOath, saam met wie ons al die eer gehad het om op te tree tydens hul Suid-Afrikaanse toer in 2008.

Wanneer kan ons verwag dat julle nuwe album uitgereik word?

Ons is baie opgewonde oor die album, dit is amper klaar, net 'n paar dele wat nog verfyn moet word.

Ons hoop om dit in die somer uit te reik. Julle kan ons Facebook- en Twitter-blaaie besoek vir enige nuwe verwikkelinge en datums.

Die *band* het al onder meer op Lucky Fish en Woodstock gespeel. Wat was tot dusver jul gunsteling-optrede?

Enige *gigs* wat ons gelukkig genoeg is om te kan speel, is *awesome*.

Van ons hoogtepunte was om saam met UnderOath en Haste the Day te kon speel.

Ons is dankbaar vir mense wat na ons *shows* kom, ons liedjies sing en saam *party* en plaaslike musiek ondersteun.

Het julle 'n boodskap vir die gehoor by vanjaar se Fracture Fest?

We Shall Embrace is ongelooflik opgewonde om deel te wees van hierdie fees, ons kan nie wag om saam met julle ongelooflike ondersteuners te kom *party* en saam na van die ongelooflikste *bands* te kyk nie.

■ **Lees meer oor die groep op hul Facebook-blad en www.myspace.com/weshallembrace en www.weshallembrace.com.**

Volksbladfees – skryf dit neer

Hier is 'n paar van die feesproduksies wat jy dié week kan te sien kry:

Reza de Wet-tienertoneelfees (Eunice-teater, R30)

■ **Dinsdag 6 Julie om 11:00, Groep 1: *Swartvlinders* (Hoër Meisieskool Oranje); *Diepe Grond* (Hoërskool Framesby, PE).**

■ **Dinsdag 6 Julie om 15:30, Groep 2: *Die groot Afrikanerskat* (Hoërskool Martin Oosthuizen, Kakamas); *Swart koffie* (Hoërskool Jim Fouché).**

■ **Dinsdag 6 Julie om 20:00, Groep 3: *Piekniek* (Hoërskool Upington); *Wat die hart van vol is* (Hoërskool Eldoraigne, Pretoria).**

■ **Woensdag 7 Julie om 10:00, Groep 4: *Episode 9* (Hoërskool Zwartkop, Pretoria); *Tot die dood ons skei* (Hoërskool Jeugland, Kemptonpark).**

■ **Woensdag 7 Julie: Feesproduksie.**

Blêrkas (kaartjies R35 by die deur)

■ **Vredeverslaaf: Dinsdag 6 Julie om 21:30 op die Blêrkas se binneverhoog.**

■ **Bravo!: Donderdag 8 Julie om 18:00, Vrydag 9 Julie om 18:00 en Saterdag 10 Julie om 19:00.**

■ **Sean met die Bril: Donderdag 8 Julie om 22:00 op die Blêrkas se binneverhoog.**

■ **Bobby van Jaarsveld: Vrydag 9 Julie om 21:45, op die Blêrkas se binneverhoog.**

■ **Eindronde van Spontaan: Saterdag 10 Julie om 12:00 op die Blêrkas se binneverhoog.**

■ **Snotkop: Saterdag 10 Julie om 20:45, op die Blêrkas se binneverhoog.**

MK Mystic-sessies (kaartjies R50 by die deur)

■ **Straatligkinders, Zinkplaat en All Will Fall: 8 Julie.**

■ **New Holland, eF-eL en Chidori: 9 Julie.**

■ **Colour Blind, The Pretty Blue Guns en Van Coke Kartel: 10 Julie.**

MoniQue

Iets nuuts van MoniQue

Afrikaans het nog nooit so mooi of *cool* geklink nie. Dit is jou eerste gedagte as jy klaar na die sanger MoniQue se debuutalbum, *Ek val vir jou*, geluister het.

Dié sanger van Pretoria het reeds 'n paar optredes gehad, onder meer in Barnyard-vertonings soos *Diamonds and Pearls* en *Rock me Amadeus*.

Sy het tien jaar gelede by die destydse Pretoria Technikon 'n kursus in ligte musiek gedoen en daarna vertonings begin aanbied.

Nou is haar debuutalbum ná 'n jaar se harde werk op die rak, en dit is vol heerlike liedjies in Afrikaans en Engels – van ligte nommertjies tot liedjies wat gaan maak dat jy jou dansskoene behoorlik wil deurdans.

Die titelsnit sluit ook stemwerk deur Snotkop in.

"Die album was vir my 'n groot leerskool," vertel MoniQue.

"Ek was ook betrokke by die skryfwerk en hoe verder ons met die album gevorder het, het ek gehoor hoe vars die liedjies is. Ek is nogal trots daarop en hoop die album doen goed. Ek dink dit is werklik iets nuuts in die mark.

" 'n Mens is maar *nervous* as jy 'n nuwe resep aanpak, maar ek dink die nuwe album het iets vir almal."

Oor haar optrede op die *Volksblad*-kunstefees vandeesweek vertel sy: "Ek wil dit net geniet, en mense moet beslis hul dansskoene saambring."

■ MoniQue tree op 8 Julie om 19:00 op die *Volksblad*-kunstefees se Blêrkas-binneverhoog op, en ook op 9 Julie om 18:45 op die binneverhoog. Kaartjies kos R35 en sal slegs by die deur beskikbaar wees. Lees hiernaas meer oor ander produksies by die kunstefees.

– Clarissa Grobler

Dink voordat jy dié een koop

ERROL D. CASON
SBK X: Superbike World Championship
PlayStation 3

In die wedren-genre is daar gewoonlik twee kampe: die ultra-realistiese simulasie-menigte en die *arcade*-hop-in-en-ry skare.

Een ding wat *SBK X* reg doen, is om te onderskei tussen die twee. Ongelukkig is dit ook die enigste ding wat die titel reg doen. Die spel is in twee dele verdeel, "Arcade" en "Simulation".

In "Arcade" is die hele opset meer ontspanne, jy val nie so maklik van jou motorfiets af nie, renne is baie korter en jy hoef in die algemeen net een doelwit te bereik om punte bymekaar te maak, punte wat benodig word om die volgende uitdagings te ontsluit.

"Simulation" is stapelgek ten opsigte van die vlak van die besonderhede, en is rêrig net vir die entoesias. Hier is dit baie moeiliker om op die motorfiets te ry, jy moet kwalifiseer vir renne, die ren self is nes die regte ding, meestal 30 rondtes lank, en jy kan natuurlik stel aan jou motorfiets om die nodige sekondes van jou rondte-tyd af te sny.

Sowel "Arcade" as "Simulation" bied "Time Attack"- en "Quickplay"-afdelings en maak ook gebruik van al die renjaers, motorfietse en borge van die regte SBK 2010-seisoen. Aanlyn-renopsies is beskikbaar as jou internet vinnig is.

'n Speletjie oor motorfietse wat teen meer as 300 km/h om 'n baan ry, behoort meer pret te wees as wat *SBK X* bied. Dit is 'n generiese, jaarlikse titel, maar hulle kon net 'n bietjie meer moeite gedoen het. Die grafika is nie heeltemal so goed soos wat dit moet wees nie, die klank val plat en die beheer van die motorfiets voel stokstyf en lomp.

As jy van motorfietstitels hou, het jy sekerlik al 'n *SBK*-titel in jou arsenaal, en dit sal tien teen een 'n mors van geld wees om *SBK X* ook aan te skaf.